ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
September 2023 (nr 81)

## Heritage day, Braai day or Shaka day: Whose heritage is it anyway?

In KwaZulu-Natal, 24 September has been observed as "Shaka's Day", in commemoration of the legendary Zulu king, King Shaka Zulu. When the proposed Public Holidays Bill before the New South African Parliament omitted Shaka Day, the Inkatha Freedom Party objected to the Bill. A compromise was reached when it was decided to create a day where all South Africans could observe and celebrate their diverse cultural heritage.
But the simple notion of a day for South Africans to celebrate their shared heritage became complicated when people began to think about what that heritage was. The cultural roots of all the different cultural groups in South Africa were vast, although they were all called South Africans.

Eventually, in the vein of celebrating shared culture, rather than focusing on cultural divisions, it was an initiative by Jan Scannell (Jan Braai) that called on all South Africans to celebrate their common roots by having a braai on Heritage Day. After snubbing the idea in 2007 as trivializing, the National Heritage Council endorsed it in 2008.

Regardless of the debates and issues bundled up in the celebration of South African Heritage with a braai, it is safe to assume that most working South Africans are at least grateful for a day off work. Because this year the 24$^{th}$ is on a Sunday, we have the Monday of as well-A LONG WEEKEND. Invite your children and grandchildren for the day and enjoy the sun!

# KERMIS 2023

Op **Saterdag 9 September van 09h00-13h00** hou Eldoraigne Aftreelandgoed weer kermis, na 'n droogte van 3 jaar! Maak seker jy is hier en bring sommer jou hele familie en aangetroude familie saam (en hulle vriende!) Die feestelikheid sal weer plaasvind in die braai-area, onder die motorafdakke langs die saal, in die saal en eetsaal en in die sitkamer.
Daar sal meer as 50 tafels beskikbaar wees met 'n verskeidenheid van ware aangebied deur uitstallers/ verkopers.

Eetgoed soos Kerrie-en-rys, heerlike poedings, 'n gebak-tafel, jaffles, pannekoek, die teetuin en vele ander lekker eetgoed. Kom koop gerus en maak jou yskas vol vir die komende weke.
Sekerlik gaan daar ook weer allerlei pragtige ander koopgoed wees, soos Cora se lampe, juwele, skilderye en kussings van Charlotte, skilderye deur Lenie, kaartjies van Sylvia, neute en droë vrugte,breiwerk, Ludwig se houtwerk, ens. Inwoners word uitgenooi om houtspeelgoed te maak wat Oupa en Ouma vir die kleinkinders kan koop.

Cora het ook 'n tafel vir "Allerlei goedere" in die saal bespreek, waar enige inwoner wat net enkele items het om te verkoop, self hulle items kan kom verkoop. (maak net voorsiening vir jou eie kleingeld)Items soos handwerk, ornamente, speelgoed, en kleiner oortollige goed kan verkoop word. Items soos bierbekers en glase wat wệreldwyd versamel is, sal te koop wees. Kontak Cora by 3204 om jou plekkie te bespreek.

By die HUIS-en TUIN stalletjie onder die afdakke, sal tuinplante, stoepplante en tuinornamente verkoop word; ook handsakkies, en 'n wye verskeidenheid opgestopte (gekoopte) diere wat deur 'n kleinkind verkoop sal word. Oupa en Ouma, hier is jou kans om 'n kersgeskenk te koop vir kleinkinders of agter-kleinkinders.

Ons gaan die plek op horings neem, musiek maak, kuier, nuwe intrekkers leer ken en sommer net saam fees vier.

Organiseerder: Johan du Preez (3192) of Ontvangs.

# WATERTENKS

Tydens 'n Direksievergadering is besluit om voorsiening te maak vir bykomende noodwater in die landgoed.

Addisionele watertenks sal op die volgende plekke geplaas word:
-Op elke vloer van die woonstelle in die wasgoedarea 'n 950 liter tenk, dus 4 tenks op 4 vloere=16 tenks
-By die karavaanstaanplekke langs die bestaande 5 000L tenk, nog 'n 5 000L tenk.
-In Houtkapperstraat langs die bestaande 5 000L tenk, nog 'n 5 000L tenk (langs 104)
-Teen die Oostelike grensmuur naby eenheid 215, 2x 5 000L tenks
-By die vullisarea (stoor) langs Loeriestraat, 1x 10 000L tenk.
-Daar sal ook 'n bykomende 5 000L watertenk by die Sorgsentrum geplaas word, wat gedeeltelik deur hulle finansier word.

Die bestaande hoeveelheid noodwater is 25 000L en saam met die totale bykomende hoeveelheid is dit dus 50 200L wat beskikbaar is vir inwoners vir was-en toiletspoeldoeleindes.
**Hierdie noodwater is nie geskik vir drinkwater nie.**

## WATER TANKS

It was decided at a Directors meeting to make provision for additional emergency water in the estate.
Additional water tanks will be placed at the following locations:
-On each floor of the flats in the drying area a 950L tank. 4 tanks on 4 floors =16 tanks x 950 liter.
-At the caravan parking next to the existing 5 000L tank, another 5000L
-In Houtkapper street (next to 104) next to the existing 5 000L tank, another 5 000L tank.
-Against the Eastern boundary wall (next to 215) 2x 5 000L tank
-At the refuse area (store) next to Loerie street, 1x 5 000L tank
-An additional 5 000L tank at the frail care, which will partly be financed by Frail care.
The existing amount of emergency water is 25 000L, and together with the additional amount it will be 50 200L emergency water available for the residents for washing and flushing of toilets.

**The emergency water in the tanks is not for drinking purposes**

# BREIPROJEK

Vir Booysens Beertjies Kleuterskool met 96 kleuters tussen 2-5jr

Enkele maande gelede het ek onverwags 'n oproep gekry van 'n gawe dame met die naam Celia. "Sal julle vir ons kleuters beertjies brei?" het sy gevra. "Ons gee graag vir elke kind wat verjaar 'n beertjie as geskenk" Hoe sy by my uitgekom het, is 'n storie vir 'n ander dag, maar sy vertel toe dat die meeste van Booysens Beertjies in Pretoria-Wes, se kinders behoeftig is en nie skoolgeld kan betaal nie. Maar, volgens die skool se grondwet, mag geen kind weggewys word nie- danksy 'n groep ondersteuners wat hard werk vir die skool. Behalwe verjaardag-beertjies, is enige ander donasies welkom- lees gerus meer by http:// booysensbeertjies.co.za

Kort na die gesprek het die breipenne hier in Eldoraigne Aftreelandgoed begin klik en einde Julie kon ons met trots nie net 30 beertjies nie, maar ook truie, serpe, kombersies en meer as 80 mussies skool toe stuur. Alles te danke aan die dames hier in die landgoed wat met groot entoesiasme aangesluit het by die breigroep wat ek, Polanie van Vollenhoven en Annemarie van Wyk begin het. Die skool het vir ons 'n sak wol gestuur en van ons eie inwoners het donasies gegee- wol, stopsel, materiaal en kontant. Intussen is die breigroep van 22 dames nog steeds aan die brei en enigeen wat graag brei is meer as welkom om te kom saam brei- die projek eindig egter einde September ! En kyk gerus in jou kas vir oorskietwol en stuur vir ons- jou wol kan 'n beertjie of 'n mussie word vir 'n kleutertjie. Of koop vir ons 'n sak stopsel of knope vir die beertjie-oë.

Baie dankie aan elke breier en elkeen wat 'n donasie gegee het. Ons hoop om nog baie kinderharte bly te maak met 'n verjaardagbeertjie of 'n lekker warm mus en trui in die koue wintermaande.

Bettie du Rand (Tiptol 150)












# YOUR IN-HOUSE AGENT

**REGISTERED with the ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE HOA**

## Properties in the Area
# SOLD BY MICHELLE



















## PEACE OF MIND DELIVERED




**MICHELLE WILKE**
Candidate Property Practitioner
Registered with the PPRA No. 1244412

**076 648 3238**
**michellew@just.property**


JUST PROPERTY




# SELLING • BUYING • LETTING

## I OFFER VALUED PROFESSIONAL SERVICE







Eldoraigne
Retirement Estate

CHAS EVERITT
INTERNATIONAL PROPERTY GROUP




**3 Bed House @ R2.8 m**




**2 Bed Flat @ R1.32 m**

CHAS EVERITT
INTERNATIONAL PROPERTY GROUP

Vertrou die verkoop van u eiendom toe in die hande van u inwonende agent

**Nic**
**139 Wipstert Straat**
**Cell (083) 7093917**

## WHAT IS HOSPICE CARE ?

Hospice care is a comprehensive, multidisciplinary approach to care that focuses on providing comfort and maintaining the quality of life for a patient who is in the last stages of a terminal illness. It attempts to make the dying process as peaceful and pain-free as possible. Hospice care is not a curative approach; is not intended to prolong life, but rather to make a patient's remaining time more comfortable.

The importance of recognising dying as a natural process:
The idea of dying as a natural part of life is something that is rarely accepted but is essential in the understanding of hospice care. Hospice strives to help to help patients and their families recognize death as an unavoidable process and allow them to manage the pain and suffering associated with dying.

Hospice looks to help those that are terminally ill to participate fully in their own deaths by providing complete physical, emotional and spiritual care and letting them take charge of their own decisions as much as possible.

Some of the things you can expect from hospice care include:
-Pain and symptom control
-End-of-life counselling
-Spiritual and emotional support
-Help with practical tasks, such as transportation
-Grief counselling
-Guidance in creating and honouring advanced care plans.

Palliative care is provided in a variety of settings, such as the patient's home, at a hospice facility, or a hospital like La Vie Care Lynnmed. When searching for a hospital that best fits your situation, consider factors such as the type of care, the services offered, and the costs associated with the care and options available in your area.

(Extract from La Vie Care Wellness blog)

## NUWE INTREKKERS

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die Leefstylgids. Daar is ook 'n 32-bladsye A5 boekie beskikbaar by blokleiers tov praktiese aangeleenthede wat nie in die huidige Leefstylgids is nie

221 Jean Anders
1030 Christine Vorster
1240 Billy Kendall
1302 Deleen Louw

## STERFTE

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

8 Sarel van Staden 10 Julie
103 Fred Clements 29 Julie

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.

## BESPREKINGSGROEP

Inwoners word uitgenooi om deel te wees van die sosiale lewe deur elke tweede Dinsdag van die maand in die saal te gaan luister na die praatjies. Slegs indien u dit bywoon en daar maandeliks 'n spreker is, sal die sukses daarvan voortgaan.

Indien u weet van 'n inwoner wat 'n interessante bydrae kan lewer, stel asseblief vir Johan du Preez in kennis by 3192

## JUKSKEI

Elke Dinsdagmiddag word daar ywerig jukskei gespeel by die bane agter die Suidblok woonstelle.

Daar is genoeg sitplek in die skadu, met toiletgeriewe naby. Nuwe intrekkers word uitgenooi om te kom meedoen aan hierdie aktiwiteit in die vars lug, of kom sit net en wees 'n toeskouer.

Jy hoef nie kennis van die spel of jou eie skeie te hệ nie, daar is genoeg mense om jou touwys te maak.

**VERGEET TOG JOU TITEL**..en wees net jouself

“Ek vind die gesprekke oor die gebruik van titels en ander voorvoegsels baie amusant. Ek was in my loopbaan ‘n lid van die polisiediens en het met groot genade die rang van kolonel bereik en is baie dankbaar daaroor.
Ek het na afloop van my diens, as ‘n eiendomsbestuurder opgetree. By een van die komplekse in Pretoria was die voorsitter van die trustees ene dr. X. Hy het nie in die kompleks gewoon nie en ook nie eiendom daar besit nie. Hy was behep met e-pos en ek het daagliks een gekry met opdragte. Met een epos het ek sy voornaam gebruik. Die volgende dag kry ek ‘n epos van hom wat sệ ek moet hom ten alle tye as dr. X aanspreek. Hy sệ toe ook ek moet onthou dat die senaat van die universiteit die titel toegeken het. My antwoord was dat ek dit sal doen, maar dat hy my as kolonel moet aanspreek en dat die president die rang toegeken het. Die punt is: vergeet jou eie belangrikheid en moenie dit in ander mense se kele afdruk nie.”

( deur Isak Haarhof, George soos in Beeld verskyn)

**INSPIRASIE: STAAN IN ANDER SE DIENS**

In Markus 10:42-45 sệ Jesus as ons groot wil wees, moet ons almal se bediende wees. En as ons eerste wil wees, moet ons almal se slaaf wees. Bediendes en slawe….so klink Jesus se nuwe rolle vir sy volgelinge. Dink net hoe anders sou Suid-Afrika gewees het as ons dit almal uitgeleef het. Ons sou opgesien het na diegene om ons. Ons sou ander se belange bo ons eie geplaas het. Ons sou anders gepraat en reageer het as mense se bloeddruk kook oor temas soos inentings en kniebuigings.
Ons fokus sou die opbou van ander mense wees, pleks van ons eie regte, soos Paulus ons leer in Romeine 14. Dan sou ons Jesus ook beter verstaan het waar Hy in Markus 10:45 sệ Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en om Sy lewe af te lệ vir ons. Wie weet, dalk sou ons dieselfde doen?

(Stephan Joubert)

## ZORGHA GROUP (PTY)LTD
## PROFESSIONAL SERVICES AT AFFORDABLE RATES



WELDING & MANUFACTURING



STYLISH BACKUP POWER SYSTEMS
R14500 - 2Kw




AUTOMOTIVE SERVICE & MINOR REPAIRS



PROPERTY & ELECTRICAL REPAIRS



SERVICE REPAIRS




MEAT SUPPLIES

**072 533 2330** **072 542 6366**

## Eldoraigne
Retirement Estate

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions




1 bed **Apartments**

FROM **R 7400 p/m**

Stella Cloete
**072 459 2230**




1 bed **Apartments**

FROM **R 995 000**

Ruan Erasmus
**071 481 6199**

*Registered with the PPRA

011 805 6316 www.csi-euf.co.za